VOLKSTEM

R 10-00

www.afrikanervolksparty.org | Mondstuk van die Afrikaner Volksparty | Jaargang 9 | Uitgawe 6

# GRONDWET bevorder CHRISTEN VERVOLGING


Deur Sydney Gregan

Sedert 1994 het die Afrikaner so "aanpasbaar" geword by veranderde omstandighede dat daar na 23 jaar met reg gevra kan word: Het die Afrikaner nog (minimum)-waardes?

Pas het ons gesien hoe 'n wêreldse hof die grondwet téén die Christelike godsdiens uitgelê het. Het ons dan enigiets anders verwag? Het ons dan nie geweet dat dit 'n anti-Christelike grondwet is nie? 'n Grondwet wat die mens eerder as God as uitgangspunt neem en alles wat vir die Christen en regte-Afrikaner kosbaar en ononderhandelbaar is, ten gronde rig nie?



Tog is daar steeds mense wat hulleself Christene noem en Afrikaans praat en 'n Blanke vel het wat die grondwet verdedig! Veral as hulle bevordering en hulle beroep dit vereis! Dit kan nie vir enige Afrikaner met 'n bietjie verstand moeilik wees om in te sien dat die grondwet in vyandskap met die Christen-Afrikaner staan nie.



Nou word Afrikaners opgeroep om hulle skoolgeld te weerhou van skole indien die Christelike godsdiens by sulke skole in die slag gaan bly. Die feit is dat die Christelike gosdsdiens sedert 1994 so verwater het by Afrikaanse staatskole dat net die dop daarvan oorgebly het. Die godsdiens wat tans daar beoefen word is 'n vormgodsdiens, een wat nie geskud sal word as die (leë) dop ook verwyder word nie. Wat besef moet word is dat staatskole wat uitvoering gee aan 'n grondwet van 'n land verplig sal kan word om "godsdiensloos" te word. En boonop sal 'n ouer wat sy skoolgeld weerhou van 'n skool wat die grondwet gehoorsaam geen simpatie kan verwag van 'n balju wat sy bates kom opskryf

In hierdie uitgawe......

Theresa May - Verkiesing

Grondhervorming

Afrikaner Organisasies

Waarom Swartes vir Diktators stem

net omdat hy skoolgeld weerhou het nie! Dit is polities naïef om 'n vergelyking te tref tussen 'n staatskool en Spur wat 'n privaat instelling is wat deur vrywillige private koopkrag geknak kan word. En daarby: Jou kind bly dus in die ateïstiese skool en jou weerstand is beperk tot die weerhouding van skoolgeld?

Boonop het hierdie einste staatskole lankal reeds die wankultuur van die nuwe Suid-Afrika omarm en sing hulle die nasionale lied van hierdie mishoop staat dat die spoeg spat! In die proses het net name oorgebly. Verbeel jou: die Hoërskool Hans Strijdom en die Hoërskool HF Verwoerd (met swart leerlinge) wat geen agting en respek vir die werk van hierdie twee eerbare leiers toon nie. Wit gepleisterde grafte!

Wat dan nou gemaak? Ons moet besef dat elke aanslag berekend is en 'n toets is vir ons weerstand. Afrikanerouers gaan nie hulle skoolgeld weerhou nie want hulle is bang hulle kinders en hulle aardse besittings word die teikens. Boonop sal die sogenaamde Afrikaanse kerke (gegewe hulle huidige leierskap en standpunte) nie enige steun aan só 'n aksie verleen nie wat hierdie ouers boonop ontredderd en geïsoleerd sal laat.

Daar word 'n geestelike oorlog om ons volksiel gevoer wat nou nie net meer sporadies nie, maar baie gereeld, tot fisiese uitwissings oorgaan.

Die antwoord lê tog baie duidelik in 'n waardebesluit; 'n beginselbesluit, eerder as 'n bloot opportunistiese omstandigheidsbesluit. Die Afrikaner sal tot die dringende besef moet kom dat staatsinstellings (lankal) nie meer ondersteun kan word nie. Die Afrikaner sal 'n geestelike trek moet maak uit die staatsbedeling. 'n Kopskuif! Dit beteken dat 'n beweging aan die gang gesit sal moet word om Afrikanerouers te oortuig om nou hulle kinders in massa uit staatskole te onttrek. Die resultaat mag dalk aanvanklik gering wees maar kan met volhoubaarheid omvangryk word.

Gebeur dit nie moet ons besef dat dit baie laat in die dag vir die Afrikaner geword het. Ons vermoë om weerstand te bied word met elke aanslag afgebreek. Om te dink dat ons weerstand sal bied die dag as die "bloed in die strate" is, neem nie in ag dat die bloed reeds in die strate is nie. Dit neem ook nie in ag dat geestelike weerbaarheid fisiese weerbaarheid voorafgaan nie!

Daar word 'n geestelike oorlog om ons volksiel gevoer wat nou nie net meer sporadies nie, maar baie gereeld, tot fisiese uitwissings oorgaan. Die vyandige pers noem dit "misdaad". Die besluit oor godsdiens is berekend teruggehou tot vandag. Ons weerstand daarteen, of dan die gebrek daaraan, sal vir die vyand aanduidend wees wat hulle volgende stap moet wees!

# THERESA MAY SE VERVROEGDE VERKIESING BRING SKADE VIR DIE KONSERWATIEWE PARTY

Die algemene media ontleding in Brittanje oor die uitwerking van die Eeste Minister van Brittanje, Theresa May se vervroegde verkiesing is negatief. Negatief vir die Konserwatiewe Party (Tories) met 318 setels maar positief vir die Arbeiderparty onder die nuwe leierskap van Jeremy Bernard Corbyn sedert 2015 met 262 setels. May se aansien het aansienlik skade gelei en kan sy moontlik vervang word wat nog ‘n verkiesing tot gevolg sal hê.



Die koalisie met die DUP,(Democratic Unionist Party) van Ierland wat die Tories in die saal moet hou, kan egter eise meebring wat hulle aansien verder skade kan berokken as David Cameron se affiniteit vir selfde geslag huwelike en Homoseksuele regte die meerderheid Tories se voorkeur is. Die DUP is verbete teenstanders daarvan asook van aborsies waarin hulle 'n weersin het.

Die hou van vervroegde verkiesings is in die algemeen meesal wanneer 'n leier en sy of haar party die gewaarwording het dat daar 'n groeiende weerstand teen hulle aan die ontwikkel is. Om dan 'n verkiesing te vervroeg is 'n strategie om beheer te probeer behou voordat genoegsaam weerstand opgebou het om hulle in 'n verkiesing te verslaan.



Vorster en Kissinger

Die ongelukkigheid wat in Engeland aan die opbou is, is reeds gedemonstreer in die referendumuitslag wat bepaal het dat Engeland uit die Europese Unie moet onttrek. Die onlangse terreuraanvalle as gevolg van die Engelse regering se integrasie en oopgrens beleid is besig om die weerstand teen die regering vining te laat opbou.

In Suid Afrika was dit die praktyk wat deur John Vorster en de Klerk gebruik is om die regse weerstand te fnuik deur vervroegde verkiesings te hou teneinde aan bewind te bly totdat hulle agenda voltooi was. Die ergste vorm van misbruik van hulle mag was om selfs die laaste referendum wat hulle oorgawe aan 'n klomp terroristiese Kommuniste in die wiele sou ry, glad nie te hou nie.

Ten spyte daarvan dat dit in Hansard opgeteken is dat hulle dit sou hou om die kiesers die geleentheid te gun om hulle uit tespreek oor die grondwet wat die Afrikaner van sy erfenis sou ontneem, het hulle dit bloot ignoreer.

Dit laat 'n mens wonder wat in die mou gevoer word met die Engelse volk.

# GROND-HERVORMING



In die onderstaande artikel is dit duidelik dat die regime se propaganda om nou die Afrikaner se grond te vat wat ons by die swartes sou gesteel het, niks anders is as stemwerwery nie. Indien die syfers wat hieronder aangehaal word, naamlik 4000 plase in die regime se besit wat nie oorgedra word aan die swartes wat dan nou "landless" is nie, is daar mos bepaald 'n ander rede.

> .....government owns 4 323 farming units, which include smallholdings and bigger farms, all waiting to be transferred.

Dit het ook bekend geraak dat die meerderheid swartes verkies om nie die grond te wil hê nie maar wel die geld. Plase wat hoogs produktief en op moderne wyse bedryf was deur blanke eienaars en nou in besit van swartes gekom het, is feitlik deur die bank geruïneer tot rommelstatus.

Die flou verskoning dat die "eisenaars" nou onder mekaar twis oor wie se grond wie se grond is, beklemtoon net die ongelooflike onverantwoordelikheid waarmee hierdie swart terroriste wat hulle voordoen as 'n landsregering, met die gesteelde bates van Suid Afrika omgaan. Die wyse waarop hulle in besit gekom het van Suid Afrika, kan nie anders beskryf word as brutale diefstal nie!

Dit het tyd geword dat die landbou organisasies in belang van die boere optree en ophou om in belang van die regime te bly toegee in onderhandelings en samesprekings wat tot niks behalwe agteruitgang lei nie.

*Over 4000 farms reportedly in government's hands, waiting to be transferred*

**By Alexis Haden** - May 22, 2017

*According to reports, government owns large chunks of land and are yet to transfer the title deeds.*



(Photo by Gallo Images / Beeld / Jaco Marais)

CAPE TOWN, SOUTH AFRICA – FEBRUARY 14: Minister of Rural Development and Land Reform Gugile Nkwinti speaks during the 2017 State of the Nation Address (SONA) debate at the National Assembly on February 14, 2017 in Cape Town, South Africa. Political parties debated President Jacob Zuma's SONA which was marred by chaos, violence and insults

Returning land is a big deal in South Africa. The rhetoric that surrounds it resonates with millions of people and while land without compensation has long been on the Economic Freedom Fighters' hymn sheet, it's being sung in some corners of the African National Congress, too.

***However, Rapport reported over the weekend that government owns 4 323 farming units, which include smallholdings and bigger farms, all waiting to be transferred.*** This according to Roelf Meyer, former politician and director of non-profit organisation In Transformation Initiative (ITI).

.....government owns 4 323 farming units, which include smallholdings and bigger farms, all waiting to be transferred.

***The Land Claims Commissioner says the delay is because of disputes among land claimants.***

Meyer said that it doesn't make sense to expropriate more farms if government does not have the capacity to transfer the farms already bought to future farmers.

***Nomfundo Gobodo, chief land claims commissioner, meanwhile told Rapport that the department cannot be held responsible for the transfer of the title deeds. Gobodo said that "tribes who are beneficiaries start disputing ownership amongst themselves once a claim has been concluded".***

***If there is a dispute and a legal process is started, the department cannot transfer title deeds.***

Meyer claims that there is no reason that disputes should cause such big delays.

Last week, Freedom Front Plus leader Pieter Groenewald told parliament that a mere one in ten title deeds bought for land reform had actually been transferred.

"The state owns this land. Why doesn't government transfer this land to their new owners? It's not done because it fits the ANC's political agenda," Groenewald said.

*Fin24* also reported the following:

*Democratic Alliance (DA) Member of Parliament Ken Roberts, who represents his party on the portfolio committee on rural development and land reform, said the Somhlolo Trust in Mpumalanga is an example of the ANC's failed land reform efforts.* ***The trust, which is the beneficiary of a land restitution project, has not***

***received "a cent". Government bought 17 farms to transfer to the trust.***

# AFRIKANER ORGANISASIES EN DIE ANC

Dit gebeur nou gereeld dat daar gesprekke plaasvind tussen die ANC/SAKP regime en Afrikaanssprekendes waar dan los en vas van Afrikaners gepraat word asof hierdie Afrikaanspratende persone die Afrikaners verteenwoordig en dan namens die Afrikanervolk praat.

Laat ons nou ten enemale hierdie saak duidelik en onomwonde stel: Die gesprekke wat plaasgevind het en weer, soos berig in Beeld van Vrydag 4 Maart 2011 tussen die Sekretaris-generaal van die ANC en verteenwoordigers van wat genoem word, "tradisionele Afrikaner-organisasies, mag dalk aanspraak kan maak dat hulle namens die "Afrikaanses" praat, maar hulle praat ongetwyfeld nie namens die Afrikanervolk nie!



Nie in enige voorafgaande gesprekke, nie in enige huidige gesprekke en beslis ook in géén toekomstige gesprekke het of sal hulle ooit namens die Afrikanervolk praat nie! Die AVP distansieer hom van enige gesprek, onderhandeling en/of ooreenkoms wat hierdie sogenaamde "verteenwoordigers" met die onwettige, kommunistiesbeheerde swart meerderheidsregime bereik, ooreengekom of onderhandel het.

Die Afrikanervolk is bv. nie 'n minderheidsgroep soos waarna Mantashe verwys nie. Diégene wat na hulleself as 'n minderheidsgroep verwys, werk met 'n getalsbegrip waar 'n minderheid noodwendig ondergeskik is aan 'n meerderheid. Die Afrikaners is nie 'n groep nie! Ons is 'n volwaardige volk wat volgens elke volkeregtelike beginsel tot stand gekom het en deur die hele Wêreld as sulks erken, aanvaar, mee handel gedryf en ooreenkomste gesluit is. Aan wie die Republiek van Suid Afrika behoort omdat dit die Afrikanervolk was wat hierdie land beskaaf, ontwikkel en tot 'n Republiek onder die Engelse juk uit bestuur het met bekwaamheid en harde en

DIE EERSTE KABINET VAN DIE UNIE VAN SUID-AFRIKA.



Agter: J.B.M. Hertzog, Henry Burton, F.R. Moor, C. O'Grady Gubbins, Jan Smuts, H.C. Hull, F.S. Malan, David Graaff

Voor: J.W. Sauer, Louis Botha, Abraham Fischer

verantwoordelike werksmetodes onder die seënende hand van God! Beslis nie gesteel het van enige swart volk of ras nie! Praatjies van ons grond vat omdat ons dit van hulle gesteel het, is oorlogspraatjies! Oorlogspraatjies wat tot bloedvergieting gaan lei waarin baie van hulle onskuldige rasgenote wat saamgesleep word deur hierdie uiters onverantwoordelike en duidelik ondeurdagte propaganda sal sterf!

Diégene wat na hulleself as 'n minderheidsgroep verwys, werk met 'n getalsbegrip waar 'n minderheid noodwendig ondergeskik is aan 'n meerderheid. Die Afrikaners is nie 'n groep nie! Ons is 'n volwaardige volk wat volgens elke volkeregtelike beginsel tot stand gekom het....

Elke tradisionele Afrikaner-organisasie wat soos die Nasionale Party en NG-Kerk geswig het onder internasionale druk en op verraderlike wyse ons Godgegewe erfenis op die mees diaboliese wyse denkbaar aan die kommuniste oorhandig het, het hulleself vervreem van die Afrikanervolk en kan nooit weer namens die volk praat nie.

Terwyl die land leeg gesteel en sy binnelandse inkomste vinnig en onomkeerbaar herverdeel word soos wat die Freedom Charter dit uitspel, sê Mantashe op eg Afrika wyse: “Afrikaners, moenie op jul heuwelkruin sit en opmerkings maak nie. Reik uit en help jul mede-Suid Afrikaners boontoe”. Amen! Hoor ek die AHI, Afrikanerbond, Agri SA, ATKV, NG-Kerk, SAOU, Fedsas en nog ‘n koor ander, sê! 23 Jaar lank het hulle geleentheid gehad om vir die wêreld te wys dat hulle instaat is om 'n eerstewêreldland te regeer en klaaglik gefaal! Hierdie doodgebore eksperiment van de Klerk en kie, op aandrag van die Internasionale Imperialiste wat duidelik soos voorspel, hulle hande op Suid Afrika wou lê vir die voordeel wat hulle daaruit kon kry ten koste van ons ganse Afrikanervolk was veragtelik.

Die Afrikanervolksparty verwerp dit met veragting soos wat die grootste gedeelte van die Afrikanervolk dit verag, is ek oortuig van. Die bewys dat de Klerk en genote dit ook besef het is die feit dat hulle die referendum wat gehou moes word, vermy het! Net soos die hensoppers, Joiners, vredepraters en onderhandelaars van die verlede verag is, só word hulle deur die Afrikanervolk verag! Gaan lees gerus Abert Blake se boek oor die teregstellings van Boereverraaiers tydens die Anglo Boereoorlog en begryp iets van die lesse uit die geskiedenis! Julle praat namens julleself en julle word vinnig al minder soos wat die ontwaking van Nasionalisme in Europa en elders dit bevestig!

# WIE HEERS IN U LEWE?

**“Toe sê die HERE: My Gees sal nie vir ewig in die mens heers nie, omdat hy ook vlees is; maar sy dae sal wees honderd-en-twintig jaar.” (:3)**

Die meeste mense, veral kerkgangers, sal sonder huiwering sê dat God in hul lewens regeer. Dit is maklik om met die mond te bely dat God in jou lewe heerskappy voer, maar is dit ook wat jou lewenswandel vertoon?




Ons lees in Galasiërs 5 hoe ‘n Geesbeheerde lewe daaruitsien. Ons lees ook in teenstelling hoe ‘n lewe en die optrede van ‘n persoon lyk wat nie deur die Gees van God beheer word nie. In plaas daarvan dat ons sondermeer sê dat ons lewens deur God regeer word, laat ons dit toets teen die onfeilbare maatstaf van die Woord.

‘n Geesbeheerde persoon se lewe word gekenmerk deur die vrugte van die Gees wat daarin voortgebring word, nl. liefde, blydskap, vrede, lankmoedigheid, vriendelikheid, goedheid, getrouheid, sagmoedigheid, selfbeheersing.

Daarteenoor word ‘n persoon wat in die begeerlikheid van die vlees wandel en nie deur die Gees gelei word nie se lewe ook deur die werke van die vlees gekenmerk. Die vleeslike lewenswandel van owerspel, hoerery, onreinheid, ongebondenheid, afgodery, towery, vyandskap, twis, jaloersheid, toornigheid, naywer, tweedrag, partyskap, afguns, moord, dronkenskap, brassery en dergelike dinge word in verse 19-21 van Galasiërs 5 beskryf.

In die sogenaamde christelike samelewing in Suid-Afrika is die werke van die vlees ongelukkig baie duidelik sigbaar. Alhoewel daar ‘n groot gees van godsdienstigheid oor die land beweeg, is die Gees van ware Godsvrees veel meer ‘n uitsondering as wat dit die norm is. Onthou dat ‘n mens nêrens in die Bybel sal lees dat God ‘n behae het in

godsdienstigheid nie, maar wél in opregtheid in jou verhouding met Hom. "En die Fariseër het gaan staan en by homself so gebid: O God, ek dank U dat ek nie soos die ander mense is nie – rowers, onregverdiges, egbrekers, of ook soos hierdie tollenaar nie. Ek vas twee keer in die week, ek gee tiendes van alles wat ek verkry. En die tollenaar het ver weg gestaan en wou selfs nie sy oë na die hemel ophef nie, maar het op sy bors geslaan en gesê: O God, wees my, sondaar, genadig! Ek sê vir julle, hierdie laaste een het geregverdig na sy huis gegaan eerder as die eerste een; want elkeen wat homself verhoog, sal verneder word, en hy wat homself verneder, sal verhoog word."(Luk. 18:11-14).




Ons sien biddae en allerhande godsdienstige byeenkomste dwarsdeur die land, maar die getroue eerbiediging van die Sabbat wat deur God self geheilig is, ontbreek. Die mens kan sy eie biddae reël, maar dit wat God as insetting gegee het, word nie getrou nagekom nie! Ligsinnigheid en lawwigheid is 'n algemene gesig in die samelewing, maar ware blydskap is skaars. 'n Oppervlakkige en kunsmatige vrede word oraloor verkondig, maar die realiteit van 'n rassespanning wat op 'n mespunt huiwer, is so duidelik soos daglig.

Daar is selfs diegene wat selfbeheersing as vrug van die Gees totaal ignoreer en binne kerklike kringe die najaag van vuile begeerlikheid van die vlees probeer regverdig. Dit word natuurlik gedoen onder die misleiding van "liefde", maar dit is 'n liefde vir die ongeregtigheid eerder as vir God wat daar seëvier.

Gelowiges moet onthou dat God van ons verwag om Hom nie met lippetaal te dien nie, maar dat dit Sy wil is dat ons Hom in gees en waarheid sal aanbid. "Maar daar kom 'n uur, en dit is nou, wanneer die ware aanbidders die Vader in gees en waarheid sal aanbid; want die Vader soek mense wat Hom só aanbid. God is Gees; en die wat Hom aanbid, moet in gees en waarheid aanbid." (Joh. 4:23&24). Ondersoek daarom opnuut u eie hart en maak seker dat u waarlik in u lewe deur die Gees van God gelei word.

# IS DIT DIE ENIGSTE REDE WAAROM SWARTMENSE VIR DIKTATORS STEM?

Waarskynlik nee. Maar dat dit 'n bepaalde invloed het, kan nie betwis word nie. As daar vir 'n swart kieser gesê word: **"Ek weet vir wie jy stem want ek kan dit sien en ek sal jou huis brand!"** Dan is die kanse dat hy sal stem vir wie hy aangesê is om te stem, baie goed.



In Zimbabwe is dit algemene kennis dat letterlik duisend kiesers al gesterf het en skynbaar weer gaan sterf indien hulle Mugabe nie wéér instem om te regeer totdat hy 99 jaar oud is.

In Zuma se geval werk die Klerk se oplossing vir hom die heel beste. In vraetyd in die parlement het hy rustig en op sy gemak, al laggend elke spreker wat hom probeer oorreed het om afstand te doen van sy

"Presidentskap", kous oor die kop getrek met die "majority" argument. "Ek weet wat julle probeer vermag met die geheime stemming wat julle probeer afdwing. Maar julle kan maar rustig wees en terugsit. Moenie worry nie! Julle pogings om van 'n minority a majority te maak sal nie slaag nie. Die ANC het my aangestel en hulle het my nog nie gevra om te bedank nie! Ek is in beheer en ek regeer bekwaam! Wees dus rustig en speel jou rol as opposisie, dis jou werk. 'N Meerderheid sal julle egter nie bekom nie, nie nou nie en ook nie in 2019 nie!"

Daarom het die HNP en nou nog net die AVP gesê dat die oplossing buite die bestel lê. Nie die VF Positief of die DA of hulle almal saam kan binne die bestel iets aan die Klerk se "onomkeerbare" politiekverknoeide beleid verander om vir die blanke iets te beteken nie. Daarvoor is ons nou op onsself aangewese.

Nie die VF Positief of die DA of hulle almal saam kan binne die bestel iets aan die Klerk se "onomkeerbare" politiekverknoeide beleid verander om vir die blanke iets te beteken nie.

In 'n onderhoud met die liberale Dana Snyman op beeldradio, is dit duidelik dat die Klerk van die geldmag se denke 'n onherstelbare knou gekry het. Ten spyte van harde getuienis van verval, volksmoord, ongekende korrupsie en rommelstatus, sal hy, as hy weer moes kies, al die groot veranderings wat hy teweeg gebring



het, weer doen, sê hy! Onherroeplik gekoop, betaal en in die sak toegeknoop! Tot die dood toe?? Net die pasaangeër sê hy gee die pas goed aan! Waarheen wonder 'n mens!

# MOET ONS VIR HULLE JAMMER WEES?

Van wie praat ons hier? Plaaslike plakkers wat deur die "rooimiere" op straat uitgegooi is sonder heenkome met 'n koue wintersnag in aantog, of die nagenoeg 200,000 Zimbabwiërs wat met spesiale visas na die 2008 ineenstorting in Zimbabwe na Suid Afrika vir heenkome gekom het en wat nou in Desembermaand, na sewe jaar se geldigheid verval en moet terug.



Met 'n infrastruktuur wat die Afrikanervolk uit die grond uit opgebou en instand gehou het, waarop die swart massas noual vir 23 jaar teer, is die welsynstatus waarheen die terroristiese swart regime sedert 1994 Suid Afrika bestuur het, besig om na armlastigheid voort te snel. Die tempo is onbeheerbaar en die uitkoms voorspelbaar. Die Klerk se beste poging om 'n "bloedbad" te vermy was die sekerste handeling om 'n komende bloedbad te veroorsaak, bo en behalwe die meer as seshonderdduisend moorde se bloed wat Suid Afrika oorstroom. Moorde wat onbeheersd en in alle waarskynlikheid met die regime se goedkeuring sedert die Klerk se nuwe "demokrasie",( slegs in belang van die swartes), gepleeg is.

"The SA Institute of Race Relations said on Wednesday that by 2016, the number of people receiving grants had increased by 328% while those with jobs increasing only by 24%." 17 Miljoen wat van die staat afhanklik is en toelaag ontvang teen slegs 15.5 miljoen wat werk het. Watter land in die wêreld kan dit bekostig en bly bestaan?

Indien jy besluit om moedswillig op iemand anders se eiendom te gaan plak omdat jy daartoe aangehits word deur onverantwoordelike heethoofde wat geen respek vir wet en orde of ander mense se swaarverdiende eiendom het nie, en jy word dan gewelddadig daar afgesmyt, verdien jy simpatie?



As 'n Zimbabwiër, toe jy goedgedink het om jaar na jaar vir Mugabe te stem wat blankes se grond en besit op dieselfde veragtelike wyse gevat en hulle die land uitgejaag het, nou na sewe jaar se bestendige woon, werk en rustigheid in Suid Afrika nou moet terug, verdien jy simpatie?

Indien ons Afrikaners hierdie ooglopende onreg sien, ervaar en dit dan verdra sonder om in verset daarteen te kom, verdien ons dan simpatie? Wanneer ons toelaat dat 'n klomp politieke humaniste, liberaliste en menseregteakte ondersteuners samesprekings en ooreenkomste in samewerking met die terroriste-regime, namens ons volk onderneem sonder dat ons dit openlik repudieer, kan ons simpatie verwag?

Wanneer sport, drankmisbruik, dwelmmisbruik en immoraliteit, veral in die vorm van homoseksualiteit bedryf, toelaat of aanvaar word omdat dit die gees van die tyd is en wat ons hemelse Vader by Sodom en Gemorra met vuur vernietig het, kan ons simpatie verwag?

As ons land met dieselfde straf geteister word as waarmee God die volk van Juda en Israel gestraf het na Koning Josía, wat die Here gedien het, se seuns ná hom die Here geterg het deur die heidene se afgode te dien en in afvalligheid in sonde geleef het soos opgeteken in 2 Kronieke 32 tot 37, het dit nie tyd vir introspeksie geword nie?

Kan jy deur jou pêrels voor die sweine te gooi en alles rondom jou besig is om sigbaar in duie te stort, nog simpatie verwag? Het ons dan nou heeltemal ons geloof verloor? Was behalwe vir die versekerings uit die WOORD van God, die bewyse van God se ingrype in die nood van ons eie volk dan vergete en word dit verdring deur die omstandigheid van getalle? Dit was dr. Malan wat geroep het: "Keer terug na jou God, keer terug na jou volk en keer terug na jouself!" Só bring ons weer bymekaar wat uit innerlike oortuiging bymekaar tuis hoort, wat nou verward, sonder geloof en verdeeld agter gefabriseerde oplossings aanloop om telkens teleurgestel te word.

Nasionalisme is van God af en net so min as wat jy die golwe van die see met 'n besem kan terugvee, net so min kan jy nasionalisme keer! Die ander "ismes" is mensgemaak, feilbaar, nikswerd en destruktief! Maak maar 'n opname van die effek van die liberalisme, humanisme, sosialisme en kommunisme, rondom jou waar dit alles hier in Suid Afrika gebruik is om Nasionalisme te probeer vervang! Quo Vadis Afrikaner?

Terwyl die AVP die Afrikaner se ankertou nog stewig vashou, vra ons kom val in en trek saam! Met die hele restant van die Afrikanervolk aan die ankertou, in vaste geloof en hakke in die grond, is daar nie 'n mag wat groot en sterk genoeg is om ons te oorwin nie. Vra maar vir die Britte en kom stry dan saam met ons!

## MORE PEOPLE ON GRANTS THAN WITH JOBS, FIVE YEARS LATER

*Mpho Raborife News24 - 21 June 2017*

*Johannesburg - There were more than 17 million South Africans dependent on social grants on a monthly basis compared to about 15.5 million South Africans with jobs last year, the SA Institute of Race Relations said on Wednesday.*

*In a finding released in the institute's latest South Africa Survey, it said this did not bode well for the economy because government would find it harder to expand the rollout of grants or to increase their value.*

*"The numbers are a recipe for social and political chaos," the institute's analyst Gerbrandt van Heerden said.*



*"As the economy stagnates, and tax revenue slows, demand for more grants will increase. The government will then have to cut other areas of expenditure in order to meet popular demands for more and higher grants. We predict that this will lead to much higher levels of violent protest action."*

*'A double-edged sword'*

***In a survey conducted by the institute in 2001, around 12.4 million people were employed compared to around 3.9 million people receiving social grants.***

*This roughly translated to 330 people with jobs for every 100 people on social welfare. By 2012, the ratio had dropped to 90 people in employment for every 100 social welfare beneficiaries, the IRR said in 2013.*

***By 2016, the number of people receiving grants had increased by 328% while those with jobs increasing only by 24%, it said.***

*"There is no doubt that the grants rollout did a lot to improve living standards in South Africa. However, the grants have become a double-edged sword," Van Heerden said.*




*He said the inability to continue expanding the rollout while also increasing the value of grants would see living standards begin to stagnate and even slip.*

*Poor and unemployed people would be worst affected and could suffer new misery as their living standards began to fall.*

*The consequences for social cohesion would therefore end up being severe as inequality increased, he said. "The pending grants crisis will trigger much suffering and desperation in already poor communities."*

# ZUMA MIK NA DIE GELDMAG SE STERK ARM!

Dit is lank reeds algemene kennis dat die Suid Afrikaanse Reserwe Bank deel vorm van 'n wêreld netwerk van reserwe banke onder die beheer van 'n klein groepie geldmagnate alom bekend as die "geldmag".

Dit is verder ook bekend dat in feitlik elke land waar die reserwebank nie deur die geldmag beheer is nie maar deur die regering self, daardie regeringshoof vermoor is.

Die funksie en beheer van 'n reserwebank is die kerninstrument in die geldmag se beheer van die wêreldekonomie, energiebronne en regeringstelsels. Met Zuma se handuitgesoekte Openbare Beskermer, Busisiwe Mkhwebane, se

voorgestelde ingrypende verandering aan die grondwet met die oog op die inkorting van die mag van die reserwe bank, kan die politieke klimaat in Suid Afrika 'n interressante wending neem.



Busisiwe Mkhwebane

Indien so 'n stap kon slaag, is die ingreep van die imperiale magte in Suid Afrika se binnelandse aangeleenthede natuurlik feitlik aan bande gelê. Zuma se affiliasie met Brics is besig om 'n aansienlike klippie in die skoen vir die Weste te word, met die potensiaal om hulle bemiddeling vir die verwydering van die beleid van afsonderlike ontwikkeling, in 'n heel ander rigting te kanaliseer as wat hulle beplan het.

Zuma se uitgesproke kommer oor 'n aanslag op sy lewe is dus nie ongegrond nie, hoewel waarskynlik vir 'n heeltemal ander rede. Die magte wat daarin geslaag het om hom te oorreed om die reserwebank se magte in te kort en nogal vir heeltemal geldige redes, het duidelik geen erg aan sy veiligheid nie!

Die besware wat plaaslik en internasionaal in 'n koor opgaan oor die nadele daarvan en die daling van die waarde van die rand wat bloot op Mkhwebane se voorstelle implimenteer is, is veelseggend!

# TERREUR IN ENGELAND NIE MEER EENSYDIG NIE.

Terwyl die terreuraanslae van die afgelope paar weke in Manchester, Westminster en London Bridge hoofsaaklik van erkende Moslems op Britte was, was hierdie naweek se aanval, ook met 'n voertuig, die omgekeerde. 'n Brit wat in 'n klomp Moslems wat van die Moskee afgekom het, vasgejaag het terwyl hy volgens berig geskree het, "ek wil alle Moslems doodmaak"




Die beleid van integrasie wat deur die Britte op ons afgedwing is nadat hulle die Afrikanervolk nie militêr of polities kon onderdruk nie, het vir hulle gewerk toe die getalle in Brittanje nog in hulle guns was.

Nou is dit 'n perd van 'n ander kleur. Die Moslems is nog nie eens in die meerderheid in Brittanje nie en die onverdraagsaamheid wat aangevuur word deur kultuur en veral godsdiensverskille, is reeds besig om die Britse omgewing dermate te vertroebel dat geweld toenemend hulle gemaksone in vrees omskep het.




**Islam in Engeland**

Die afgelope paar dekades se liberale leiers in Engeland wat die versoeningsbenadering met oop grense en multikulturele integrasiebeleid gevolg het, se buitelandse toepassing vir strategiese en handelsvoordele, is nou kennelik besig om hulle in te haal. Die AVP sal nie verbaas wees indien dit later bevind word

dat die woonstelgebou waarin meer as vyftig mense dood is, ook terreurverwant is nie.

Hulle probleem is egter hulle bloedverwante wat opgevoed en geskool is om multikulturalisme te aanvaar en te bevorder. Hulle word gesteun deur die Moslem burgemeester van London se aanhaling: “"Rampant Islamaphobia has been on the rise for a number of years and those on the far right have perpetuated hatred against Muslims."They should be called out for their hatred. "The days ahead will be difficult, but with unity and tolerance we will prevail. We will not allow these far-right extremists to divide our diverse communities. "Enough is enough, my condolences and prayers for all the victims and their families. They are in my prayers."



**Veldmaarskalk Robberts**

Hierdie onnatuurlikgekweekte verdraagsaamheid is nou al oral bewys, werk net totdat die demografie verander het. Die ellende wat dan vir die inheemse bevolking voorlê, kan nie beter illustreer word as die huidige toestand in Suid Afrika nie.

## 16 JUNIE – DAG VAN ONREG
### (JEUGDAG NUWE SA)

16 Junie is die datum waarop een van die laakbaarste onregte in die geskiedenis van die mensdom gepleeg is.

Op dié datum in 1900 het Frederick Roberts, aanvoerder van die Britse invalsmagte in Transvaal en die Vrystaat, sy verfoeilike Proklamasie 5 van 1900 uitgevaardig.

Die proklamasie was ‘n erkenning dat die Britse oormag van ‘n halfmiljoen soldate nie die minder as 55 000 Boereburgers op die slagveld kon baasraak nie en dat die Engelse voortaan hulle militêre mag op ‘n sagter teiken sou konsentreer: Boerevroue en -kinders.

Uiteindelik het Engeland 3 000 vroue en 24 000 kinders koelbloedig in konsentrasiekampe doodgemartel.

Hierdie kinders se enigste oortreding was dat hulle onbedoeld tussen Engeland se gulsigheid en Transvaal se goud gestaan het.

Hulle het niemand bedreig nie, hulle het niks verniel of aan die brand gesteek nie, hulle het nie klippe gegooi nie – hulle het nie eens op iemand geskel nie. Maar hulle is kil berekend vermoor; 24 000 van hulle.

Anders as die hospitale wat die Boerevolk later opgerig het om vir andere mediese dienste soos nêrens anders in Afrika te bied, was die hospitale in die Britse helkampe poorte na die dood. Dit was ‘n wonderwerk as ‘n kind ‘n kamphospitaal oorleef het.

Maar die Boerekinders het nie gevloek en geskel en klippe gegooi nie. In skole wat die Boerevolk later vir andere opgerig het is Afrikaans bloot as vak aangebied soos Boerekinders nog altyd Engels, Duits, Latyn of Sotho geleer het. Daarteenoor is Boereleerlinge in die Britse skole gestraf as hulle selfs op die speelgrond hulle eie taal met mekaar gepraat het.

Maar die Boerekinders het nie klaskamers verniel, skole afgebrand, klippe gegooi, waansinnig die strate ingevaar en die lewe van dié wat die orde probeer bewaar het bedreig nie.

Die Boerekinders het geleer en gewerk en gevorder tot ‘n volk wat op alle gebiede net so goed of beter presteer as die beste in die wêreld.

Danie Varkevisser 083 460 3302

Francois Muller 083 460 6120

www.afrikanervolksparty.org